LAERSKOOL MONTAGU: JAARVERSLAG 2018

Ek hou graag die jaarverslag van 2018 aan u voor, wat 'n oorsig gee van die hoogtepunte en ander gebeure van die afgelope jaar.

Personeel

Die personeelkorps bestaan uit die skoolhoof, 14 klasonderwysers, 'n rekenaarklasopvoeder, 'n bibliotekaresse, 'n leerondersteuningsopvoeder, 4 onderwysassistente, 'n finansiële beampte, 'n ontvangsdame, 'n terreinopsigter en 2 algemene assistente. Hiervan word 13 personeellede deur die staat vergoed en die balans van 14 is in diens van die Beheerliggaam. Uit voorafgaande syfers behoort dit vir u duidelik te wees dat die getroue betaling van skoolgelde noodsaaklik is om ons personeel te behou.

Die Monties verwelkom Me Sonét van Niekerk (Gr.1), Me Claudina Morkel (Gr.2),
Me Jana den Engelsman (Klas-assistent gr. 4) en Mnr David Wolfaardt (Klas-assistent) by ons skool in 2018. Ons hoop hulle gaan nog lank by ons gelukkig wees. Me Victor word gekoöpteer vir die skool se Breë Bestuurspan, met portefeulje *Bemarking.*

Me^{e} Maryn Stemmet en Madelene Victor neem gedurende die Junie-vakansie as skeidsregters aan 'n S.A. o/19-netbaltoernooi in Pretoria deel. Beide presteer uitstekend. Me Victor kry haar S.A. B-gradering as skeidsregter en Me Stemmet 'n C-plus gradering. Min skole in die land het S.A. skeidsregters met hierdie gradering.

Mnr Hendrik Plaatjies tree na 17 jaar 5 maande af as opsigter by die skool. Hy sal onthou word vir die voortreflike diens wat hy gelewer het. Me Hettie Vos tree aan die einde van 2018 af. Haar entoesiasme, liefde vir die skool en biblioteek, sal beslis onthou word.

Me. Brits word aangestel in die biblioteekpos en mnr. Dewan Terblanche, as nuwe onderwyser in die Intersenfase.

Gedurende die jaar is talle kursusse en werkswinkels bygewoon om te verseker dat alle onderwysers op hoogte bly van die nuutste verwikkelinge in die onderwys.

Beheerliggaam

'n Nuwe Beheerliggaam word gedurende Maart deur die ouers verkies. Mnr Hannes Gous word herkies as Voorsitter van die nuwe beheerliggaam. Die ander lede is Attie van Zyl, Willem Sadie, Wilfred Paulse, Riaan Janse van Rensburg, Madelene Victor, Louwtjie Strauss, Annie Wigmore en Jan Krüger. Verskeie projekte is gedurende die jaar aangepak, waar verskillende lede die voortou by elke projek geneem het. Die sukses van die projekte was 'n spanpoging, wat nie sonder die ouers se ondersteuning kon plaasvind nie.

Die Montie Mall-verkope het vanjaar nog beter verloop as verlede jaar en ons het goeie vooruitsigte vir die projek. Vanjaar is besluit om 'n nuwe konsep te toets en die skool se eerste mini-gholfdag te Doringlaagte is geloods. Die doel was benewens fondsinsameling, om 'n familievriendelike dag te skep. *The Hills Challenge* was weeeens ook 'n groot sukses, wat deelnemers van 'n groot area lok. Die skool maak fondse bymekaar, maar die dorp baat ook daarby, aangesien koopkrag van buite die dorp gelok word.

Die hoogtepunt vanjaar was sekerlik die ontvangs van ons nuwe bus. Die aankoop hiervan het besliste voordele en ons kan nou 'n hele graadgroep met ons eie voertuie vervoer.

Die finansiële uitdagings vir 'n skool raak by die dag groter. Dankie aan ons Beheerliggaam en me Wigmore, wat die finansies op 'n verantwoordelike wyse bestuur. Baie dankie aan alle ouers wat getrou hul skoolgeld betaal en ons ondersteun met fondsinsamelings. Hiermee ook my opregte dank aan elke donateur en borg – u daadwerklike ondersteuning maak 'n positiewe verskil in ons skool. Die goeie bestuur van finansies en suksesvolle fondsinsamelings gee vir die Beheerliggaam die geleentheid om die addisionele opvoeders aan te stel, tot voordeel van die leerders.

Die Beheerliggaam sien soos volg daar uit:
Mnr Hannes Gous (Voorsitter), mnr Attie van Zyl (Tesourier en Onder- Voorsitter)
me Madelene Victor (Fondsinsameling), mnr Willem Sadie (Infrastruktuur), mnr Riaan Janse van Rensburg (Skakeling), mnr. Wilfred Paulse (Bemarking), mnr Louwtjie Strauss (Akademie en Sport), me Annie Wigmore (Kultuur) en mnr Jan Krüger (Skoolhoof).

Akademie
Grondslagfase

Op 15 Januarie 2018 het ons, ons opgewonde Gr. 1's verwelkom. Hulle was gou ingeburger en het vinnig ware Monties geword. Op 30 Januarie 2018 het ons die gebruiklike algemene ouerinligtingsaand gehou. Dit is baie goed bygewoon deur die ouers en belangrike inligting is met die ouers gedeel. Die nuwe ouer-klasverteenwoordigers is tydens die aand verkies, wat nou saamwerk met die Beheerliggaam.

Gedurende die jaar het onderwysstudente hul prakties by die skool gedoen. Me$^{e.}$ Petro Jordaan, Andrea Janse van Rensburg en Mariska van Dyk het 'n positiewe bydrae gelewer terwyl hulle by die skool was.

Die personeel se beplanningslêers, boeke en assesseringslêers word gereeld gekontroleer. Sodoende verseker ons dat die kurrikulumvereistes getrou gevolg word. Die leerderboeke is elke twee weke huis toe gestuur sodat die ouers kon sien hoe hul kind vorder. Dit is lekker om te sien dat u belangstel in u kind se werk.

Hierdie jaar het ons weereens deelgeneem aan die Conquesta in Wiskunde en Afrikaans. Ons wag in spanning vir ons uitslae en vertrou dit gaan net so pragtig wees as die uitslae van 2017.

Nuwe Engelse leesboeke is vir die Gr. 3-klas aangekoop, om te verseker dat ons leesboeke altyd aangevul word. Die afglope aantal jare word daar jaarliks 'n nuwe leesreeks in die fase aangekoop, of die bestaande leesreekse is aangevul.

Spec Savers Robertson het die Gr. 1 en 2-klasse se oë gratis getoets! Die poppie-projek het op 7 Maart die Gr. 1's en 2's besoek. Tannie Bettie van die dorp se biblioteek het vir die Grondslagfase-leerders boeke voorgelees in die saal, om sodoende die dorpsbiblioteek in Piet Retiefstraat, bekend te stel. Die gr. 2-klas het Kleinplasie besoek en die gr. 3's Giraffe House.

Op 16 Augustus het die Brandweer vir ons en vir Babbel en Bekkie besoek en ons het meer geleer van hulle en wat hulle alles doen. Ander opvoedkundige sessies het plaasgevind, waaroor daar elders meer geskryf word.

Intermediêre en Seniorfase

Die jaar het verbygesnel en die eindeksamen begin binnekort! Deurlopende assessering het gedurende elke kwartaal plaasgevind. Die Intersenfase skryf 2 eksamens jaarliks, in Junie en November. Om suksesvol te wees op akademiese gebied, is dit belangrik dat leerders konsekwent en hard werk dwarsdeur die jaar.

Die Intersenfase het ook 'n Boekrak-Projek van stapel gestuur om sodoende geld in te samel vir die aankoop van ordentlike boekrakke vir elke klas. Die Monties het oudergewoonte gewoeker en hul kant dubbel en dwars gebring. Sodoende is die mooi bedrag van R12 000 ingesamel. Baie dankie vir u as ouers se ondersteuning.

Kwartaallikse Akademiese Toekennings het weer vanjaar plaasgevind – ons beloon graag leerders met 'n gemiddeld van 80% en hoër. Leerders wat goeie vordering en akademiese verbetering toon, word beloon deur middel van die positiewe aantekeninge van die gedragskode.

'n Suksesvolle studieleidingsprogram vir die Gr. 6-leerders is aangebied deur Mnr Kobus Wium, 'n Voorligtingsielkundige. Ons leerders sal al die nuttige wenke wat hul tydens dié program ontvang het, met welslae in hul skoolwerk kan toepas. Die studieleidingsprogram word aangebied as deel van ons kurrikulumondersteuning en is nie 'n addisionele uitgawe vir die ouers nie.

Die Monties het weereens aan die eerste rondte van die SA Wiskunde Uitdaging (AMESA) deelgeneem. Vyftien leerders het deurgedring tot die finale rondte. Hierdie olimpiade toets wiskundige insig en bied 'n groot uitdaging vir ons leerders. Twee van ons leerders, Johnny Hattingh (gr. 5) en Lyra-Ann van Tonder (gr. 6), kry 'n silwer toekenning. Anton Jordaan (gr. 5), Sias Meyer (gr. 5), Nicolas Brunings (gr. 6) en André van Deventer (gr. 6) verower elk 'n brons toekenning. Welgedaan – dit wil gedoen wees!

'n Groot groep leerders het ook vanjaar aan die Conquesta Olimpiade deelgeneem. Ons glo ons leerders gaan ook hierin goed vaar. Ons wag egter nog op die uitslae.

'n Nuutjie vir die Monties vanjaar was die Wiskunde- en Wetenskap-in-Aksie Olimpiade, waaraan die graad 6- en 7-leerders deelgeneem het. Die vraestelle was 'n groot uitdaging. Jansen Enslin (gr. 7) presteer uitstekend en word genooi om 'n pretdag te Universiteit Stellenbosch se Ingenieurswese Departement by te woon, waar hy 'n sertifikaat ontvang vir 'n uitsonderlike prestasie in hierdie kompetisie.

Elf Montie-leerders het vanjaar deelgeneem aan die WOW-Spelfees. Meeke Esterhuyse (gr. 4) verower 'n silwer medalje by die Breedevallei Kringfinaal. By die Distriksfinaal behaal sy 'n derde plek en verower 'n brons medalje. Sy is die eerste Montie wat op 8 September deelgeneem het aan die strawwe Provinsiale kompetisie. Hier het sy haarself ook baie goed van haar taak gekwyt.

Die Monties is baie trots op ons leerders se puik prestasies. Ons is ook net so trots op elke leerder wat gedurende die jaar sy/haar bes gedoen het en deurlopend probeer het om hul gemiddeld te verbeter. Hul deursettingsvermoë en harde werk sal vrugte afwerp!

Biblioteek

Soos gebruiklik word die jaartemas van elke kwartaal op die uitstalbord in die ingangsportaal van die biblioteek uitgebeeld. Die biblioteek is dus by uitstek die plek waar leerders elke week herinner word aan die tema van daardie week waaraan hulle in die besonder aandag moet gee.

Leerders maak grootliks gebruik van die biblioteek om inligting vir verskeie assesseringstake en projekte te bekom. Leerders kan boeke uitneem vir hierdie doel, of notas in die biblioteek neem. Hulp is verskaf met navorsing vir mondelinge temas, asook met navrae m.b.t. bibliografiese gegewens van boeke wat hulle gelees het. In sekere gevalle is 'n groot aantal boeke op blok gesit sodat al die leerders die bronne in die biblioteek kan benut (of afskrifte van die inligting kan verkry) en praktiese leiding ontvang.

Ons werk steeds met biblioteekleiers vir elke graad en seksie wat aan die begin van elke kwartaal aangewys word en hulle dra hulle balkies met trots. Hulle raak vinnig vertroud met die biblioteekvoorraad en is trots op die verantwoordelikheid wat aan hulle toevertrou word.

Diskonto Boeke het op Maandag 19 Februarie en Dinsdag 20 Februarie by ons skool uitgestal en ons het 'n groot aantal nuwe boeke aangekoop. Aankope deur ouers het ook verseker dat ons 'n substansiële afslag op ons aankope gekry het.

Op Vrydag 1 Junie het een van LAPA se skrywers, Theresa van Baalen (skrywer van die gewilde *Karla Krullebol, Aspris-krokkedis* en die *Sanri Steyn*-reeks) die leerders ingelig en vermaak met haar vertellings van hierdie kinder- en jeugboeke. Sy is een van ons nuwe kinderboekskrywers wat vinnig besig is om naam te maak. LAPA se jaarlikse uitstalling van boeke het plaasgevind op 11 en 12 Junie.

Nal'ibali World Reading Aloud day 2018 is op versoek van die WKOD in die week 12 tot 16 Februarie aangebied: verskeie leerders uit grade 4 – 7 het spesifieke stories hardop gelees waarop die klas dan hul opinies daaroor gegee het. Positiewe terugvoer oor die geleentheid is van die Wes-Kaap Onderwysdepartement ontvang. Twee leerders uit elke graad en seksie is elk beloon met 'n klein geskenkie.

Vanuit ons ouergemeenskap het ons ook 'n hele aantal goeie boeke ontvang, wat ons in ons versameling opgeneem het - ons waardeer die skenkings.

Die uitleenpatroon van afwisseling van storieboeke met boeke uit die vakliteratuurversameling (kennis/feite-boeke), blyk 'n goeie kombinasie te wees om van ons leerders volronde individue te maak. Natuurlik neem leerders vakliteratuur uit vir navorsing om take te voltooi, maar besef in die proses dat daar ook baie "lekkerlees" nie-fiksie boeke is.

Die jaar het ook sy kwota pret opgelewer met 'n stel kompetisies. Die gr. 4-7 se kompetisies opgedeel in drie afdelings, het gehandel oor die ruimte, planete en die son, en leerders moes inligting in uitgesoekte bronne in die biblioteek soek. (Dit het daarby gedien as aansporing vir nuuskierige en weetgierige leerders om die boeke uit te neem.)

Daar was ook 'n vierde afdeling in die vorm van 'n blokraaisel oor Afrikaanse idiome. Die vyfde afdeling waar leerders hul eie antwoorde op vrae moes gee (die HA-HA-afdeling), was besonder gewild en leerders het met komiese antwoorde vorendag gekom. Leerders kon

enige een vraelys of meer van die vyf afdelings voltooi. Die beste inskrywings uit elke afdeling is met pryse beloon.

Die Grondslagfase se kompetisie was 'n inkleurwedstryd. Pragtige inskrywings is ontvang en een leerder uit elke klas het 'n prys gekry.

Die gemiddelde uitleensyfer vir die jaar is 11 148 boeke. Dié syfer is verblydend en wys dat ons leerders die biblioteek funksioneel gebruik. Leerders word aangemoedig om tegnologie te gebruik, maar ons poog om steeds 'n liefde vir boeke hiermee saam te kweek.

Rekenaarsentrum

Die rekenaarklas word daagliks besoek vir rekenaargeletterdheid. Die volgende onderwerpe is veral gedurende 2018 behandel: muisvaardighede, sleutelbordvaardighede, tikvaardighede, grafiese tekenprogramme, woordverwerkingsprogramme, aanbiedingsprogramme, basiese programmering, leêr-strukture, internet veiligheid en navorsingstegnieke.

Wiskunde onderwysers bring ook hulle leerders om sekere konsepte wat reeds in die klas verduidelik is, in te oefen. Daar word ook gereeld tafels en hoofrekene met behulp van die Cami-program gedoen.

Daar word beplan om die rekenaarklas gedurende November op te gradeer met negentien nuwe rekenaars. Elf bestaande rekenaars sal ook opgradeer word na Windows 10. Ons bediener se bedryfstelsel sal ook opgradeer word. Die volgende verbeterings word ook voor die einde van die jaar aangebring: nuwe rolblindings, asook die installasie van die bestaande projektor.

Kultuur

Leerders het vroeg in die eerste kwartaal stemtoetse afgelê en die Juniorkoor o.l.v. Me Elize Thiart en die Seniorkoor o.l.v. Me Madelene Victor, is saamgestel.

Albei skoolkore het vanjaar pragtige prestasies behaal. Die Juniorkoor o.l.v. me Elize Thiart het deelgeneem aan die Montagu Jeugkunstefees sowel as aan die Riversdal Eisteddfod en by beide geleenthede goud verwerf. Die Seniorkoor o.l.v. me Madelene Victor behaal dubbelgoud, 100%, by die Montagu Jeugkunstefees en wen ook die wisseltrofee vir die beste koor. By die Riversdal Eisteddfod verwerf hulle goud. Albei kore word begelei deur mnr Jaco Beeslaar.

Die Monties het uitstekend presteer by die Montagu Jeugkunstefees. Die onderstaande prestasies word weer aan u deurgegee:

Drama:
Die toneelstuk: *A mixed bag*, afgerig deur me Arijj Tobias, ontvang goud. Tyra Boyce word aangewys as beste junior aktrise en verwerf dubbelgoud, asook 'n trofee. Kezia Malgas en Gaylé Johnson ontvang dubbelgoud as beste ondersteunende aktrises. Gaylé ontvang ook 'n trofee daarvoor. Almay Wolmarans en Kylie Wiid ontvang goud.
Dans:
Emma Olivier, Jaime Johnson en Jenna Lourens ontvang 'n trofee asook dubbelgoud as beste ballet trio. Henko le Roux ontvang dubbelgoud vir sy solodans.

Kuns:

Die volgende leerders was trofeewenners en ontvang ook dubbelgoud vir hul pragtige kunswerke: Mia Dettbarn, Louis du Plessis, Hermien Potgieter en Mieke Joubert. Die Monties wat goud verwerf het, is: Nina Beukes, Hermien Potgieter (2), Jacques Theron, Ethan Cole, Jacobus Beukes, Amelia van Zyl (2), Herman Bosman, Mieke Janse van Rensburg, Jacobus Theron, Japie Potgieter en Henko Nel. Die Monties ontvang ook 41 silwer, 50 brons en 12 meriete toekennings vir kunswerke.

Musiek:
Jamie Johnson ontvang dubbelgoud vir haar sangsolo.

By die Riversdal Eisteddfod, RATEM, ontvang Johnny Hattingh sowel as Willie-Pieter du Plessis elk 'n goud en silwer vir hul klavierspel. Emma Olivier, Jenna Lourens en Jaime Johnson ontvang goud vir hul ballet-trio by die Paarl Eisteddfod. Willie-Pieter du Plessis en Johnny Hattingh slaag albei hul Graad 1 Unisa-klaviereksamen met lof.

Kezia Malgas en Franco Stemmet het die skool verteenwoordig as redenaars by Hoërskool Bonnievale se Redenaars en Vasvrakompetisie. Die Montie-Vasvraspan wat bestaan het uit Nina Beukes, Louis du Plessis, Nina Stemmet en JD van Deventer o.l.v. me Eileen Olivier, wen weereens vanjaar die vasvra.

Op 23 Mei het die bekende sanggroep, Kaleidoskoop, by ons skool opgetree. Hulle het gesorg vir `n aand se heerlike vermaak!

Ons dank aan die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit wat 'n interaktiewe teater na ons skool gebring het om omgewingsbewustheid by ons leerders te bevorder. Storieskip het die skool besoek met hul produksie Koejawel …. and the space pirates. Met uitstekende toneelspel het die gesoute akteurs nie net vir die Monties lekker laat lag nie, maar ook vir hulle `n paar belangrike lesse geleer.

Interne kultuurdae waartydens die leerders aan redenaars en vasvra kon deelneem, is kwartaalliks gehou. Liliy-Christine Stemmet en Lienka Joubert het saam `n eerste plek en Elaine Venter `n tweede plek behaal as redenaars by die interne Grondslagfase-redenaarsoggend. Die Montie Grondslagfase-kultuurmiddag het plaasgevind waaraan redenaars, juniorkore en vasvraspane van Laerskool Bredasdorp, Worcester-Noord Primêre Skool en die Primêre Skool Worcester saam met ons deelgeneem het.

Die Kultuurmiddag vir gr. 4 tot 6 waaraan Laerskool Robertson, Laerskool Ashton, Laerskool Swellendam en Laerskool Montagu deelgeneem het, het vanjaar by ons skool plaasgevind. Die program het bestaan uit redenaars en seniorkore wat opgetree het. Meeke Esterhuyse, Kezia Malgas en Franco Stemmet het ons as redenaars verteenwoordig. Die derde kwartaal is op 'n hoë noot afgesluit met 'n Kultuuraand waaraan van ons uitblinkers kon deelneem. Ons dank aan elke personeellid en buite-afrigter wat help om die Monties in totaliteit te ontwikkel.

Meeke Esterhuyse, Kezia Malgas en Almay Wolmarans het ook deelgeneem aan die ATKV-Redenaarskompetisie. Die Gr.6 en 7-leerders het as redenaars opgetree by `n interne redenaarsoggend terwyl gr.4 en 5-vasvraspanne mekaar die stryd aangesê het. Meeke Esterhuyse, Kezia Malgas en Franco Stemmet het ons skool op 19 Junie verteenwoordig as redenaars by Zoetendal Akademie se redenaarsmiddag in Agulhas.

Honderd-vyf-en-sestig senior burgers het die Monties besoek gedurende die Week vir Senior Burgers. `n Kultuurprogram van hoogstaande gehalte is aangebied en heerlike verversings is voorgesit.

Sport

Atletiek

Tydens die Kleure-Atletiek het ons atlete baie mooi presteer. Drie nuwe rekords is opgestel. Die prestasie vir die beste dogters-atleet in die grondslagfase is verower deur Renisha Fredericks. Die beste seunsatleet in die grondslagfase is verower deur Raydon Williams. Die Junior Victor Ludorum is deur Morné-John Roos verower. Die Junior Victrix Ludorum is deur Kiesha Williams verower. Vir die seniors het Ronaldo Koker die Victor Ludorum en Stefanie Burger die Victrix Ludorum verower. Bernadette Groenewald verower die beker vir die beste prestasie tydens die byeenkoms. Nuwe rekords tydens die kleure-atletiek word aangeteken deur Ronaldo Koker (1500m stap) en Henko le Roux (diskus én gewigstoot).

Een-en-dertig seuns en sewe-en-twintig dogters dring deur na die Langebergbyeenkoms, met 'n totaal van 118 items waaraan hulle deelneem.

Tydens die Langebergbyeenkoms het twee-en-dertig van ons atlete gekwalifiseer om aan die Noord-Bolandbyeenkoms deel te neem met 'n totaal van 55 items.

Tydens die Noord-Boland Atletiekkampioenskappe het ons atlete baie mooi presteer. Twaalf van ons atlete dring deur na die Boland-kampioenskappe met 'n totaal van agtien items. Stefanie Burger verower `n eerste plek in die 75m hekkies, Morné-John Roos `n eerste plek in verspring en RW van Deventer `n eerste plek in gewigstoot.

Stefanie Burger en Morné-John Roos is opgeneem in die Boland-atletiekspan. Hulle neem op 2 - 3 Maart in Oudtshoorn deel aan die Wes-Kaap kampioenskappe, waar hulle meeding teen die WP en SWD. Morné-John Roos behaal 'n derde plek in verspring vir seuns onder 11 en word opgeneem in die Wes-Kaap atletiekspan. Hy neem deel aan die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe in die Paarl en behaal 'n agtste plek.

Krieket

Die o/13 krieketspan speel gedurende die eerste en vierde kwartaal sowel vriendskaplike as ligawedstryde. Die span het al sy ligawedstryde van die eerste kwartaal gewen. Die huidige seisoen is nog nie verby nie en wedstryde word nog gespeel. Die dogters het ook gereeld geoefen en teen mekaar gespeel. Dit was baie lekker om die spelers se wedywering en entoesiasme op die veld te sien.

CJ van der Walt het deelgeneem aan Noord-Bolandwedstryde en hy het hom baie goed van sy taak gekwyt.

Die vierde kwartaal se krieketseisoen skop af met 'n krieketkliniek wat deur die bekende Merwe Genis en sy span afrigters, aangebied word.

Die o/10 en o/11 Krieket het weereens groot belangstelling gelok. Hulle speel `n interne wedstryd in die eerste kwartaal, waar elkeen 'n beurt gehad het om te kolf en veldwerk te doen. Daarna word nog 2 wedstryde gespeel. Gedurende die vierde kwartaal vind 3 wedstryde plaas.

Mini-krieket
Die Mini-krieket het tydens die begin van somersport weer goed afgeskop. Die deelnemersgetalle lyk baie goed en daar is positiewe deelname. Die vierde kwartaal skop vroeg af met 'n sportdag op die eerste Saterdag te Hoërskool Bonnievale. Ons spanne presteer goed en die spelers geniet hulleself terdeë.

Tennis
2018 se tennis het op 26 Januarie afgeskop. Die leerders het kans gehad om uit te speel vir 'n plek op die ranglys, waarna die spanne aangewys is.

Die span bestaan uit: Nina Beukes, Anri Gous, Stefanie Burger, Shani Viviers, Nina Stemmet, Jessica Schoeman, Nicholas Brunings, Mornè-John Roos, Franco Stemmet, Ewan Coetzee, J.D. van Deventer en Daniël Joubert.

Van ons leerders het hierdie jaar deelgeneem aan die Langeberg-/Cavaliersproewe. Ons leerders het pragtig presteer. Die volgende prestasies is behaal:

Noord-Boland:	Nicholas Brunings
Boland:	Nina Beukes
	Mornè-John Roos

Ons nommer 1-3 seuns en dogters het baie uitgesien na die jaarlikse Oude Post Tennistoernooi wat elke jaar op Swellendam gehou word. Hierdie jaar is dit ongelukkig afgestel. Die spelers het gepronk met pragtige geborgde klere en toerusting. Die teleurstelling was groot.

2018 was 'n suksesvolle tennisjaar. Ons leerders het pragtig gespeel en ook baie goed presteer.

Netbal
Die o/11's, o/12's en o/13's se dorpsproewe word reeds in die eerste kwartaal gespeel. Altesaam 13 Monties is gekies om aan die Langebergproewe op Ashton deel te neem. Verdere proewe het plaasgevind en ons speelsters het baie goed presteer. Jaylin Isaacs (o/12) en Jordan-Lee Baartman (o/11) is gekies vir die Wynland-Noordspan. Ons is met reg trots op elke Montie-netbaldogter.

Die o/12's en o/13's onderneem weer 'n netbaltoer na Riebeek-Kasteel gedurende die skoolvakansie. Dié speelsters is vergesel deur me[e] M Victor en L Hagen. Toegerus met pragtige geborgde klere, is hulle vrolik weg op die toer. Tydens dié geleentheid word Mieke Rayners gekies om as deel van 'n toerspan na Dubai te gaan. Dit was 'n groot geleentheid wat Mieke baie geniet het.

Juffroue Eileen Olivier, Marga den Engelsman en Jana den Engelsman het gedurende die kwartaal 'n skeidsregters-mentorskapopleiding bygewoon by Laerskool Bredasdorp. Dit is aangebied deur Anso Kemp (Internasionale SAA skeidsregter). Die leerders se toer en personeel se opleiding, het almal toegerus met die nodige vaardighede vir die seisoen.

Ons eie skool se sportdag was beslis die hoogtepunt: 'n baie feestelike dag met goeie gehalte sport. Verder het die Monties onder andere deelgeneem aan sportdae te Swellendam, Overberg (Caledon), Robertson Voorbereiding, Laerskool Robertson, Laerskool Volschenk, Laerskool Riversdal, Ashton se Pikkie-dag en Bonnievale. Gene Louw en Fransie du Toit het by ons kom kuier en die o/13-span het ook teen 'n toerspan, Laerskool Totius, gespeel. 'n Groot aantal ligawedstryde het verder plaasgevind.

Rugby
Die o/13-rugbyspan het ook in die eerste kwartaal begin oefen en 'n Saterdag oefenkamp gehou. Liam Pekeur, Will Stanvliet, Juhan Venter, Ronaldo Koker, JD van Deventer, Jdeé Williams, CJ van der Walt, Ewan Coetzee, Willem Nel, Carlos van der Bergh en Chris Potgieter is gekies vir die Montagu Dorpspan wat aan die Langebergproewe deelgeneem het. Die span het ook deelgeneem aan 'n sportdag op Goudini, waar hulle al vyf hulle wedstryde gewen het en sodoende ook die Plaatkompetisie gewen het.

Gedurende die Maart/Aprilvakansie het die o/13-rugbyspan se seisoen begin met die toer na Riebeek Kasteel. Daar is gefokus op spanbou en voorbereiding vir die seisoen wat voorlê. Ons het ook ses wedstryde gespeel. Die span het heelwat komplimente ontvang vir die mooi hardlooprugby wat hulle gespeel het. Hierdie patroon was 'n kenmerk regdeur die seisoen en die spelers het menige toeskouer met hul vlak van vaardighede verras. Tydens dié geleentheid word Carlos van der Bergh ook gekies om as deel van 'n toerspan na Dubai te gaan. Carlos het baie hierna uitgesien en die toer baie geniet.

Die eerste wedstryde van die tweede kwartaal het teen Villiersdorp plaasgevind waar die meeste van ons spanne baie goed presteer het. Bredasdorp het ons ook besoek waarna ons eie Sportdag plaasgevind het. Gedurende die res van die tweede kwartaal het al ons spanne deelgeneem aan ligawedstryde en sportdae (sien netbal). Waar moontlik het ons ook die B-spanne laat speel.

Ons spanne het gedurende die kwartaal aan verskeie wedstryde deelgeneem. Dit sluit ligawedstryde en sportdae in. Wegwedstryde het plaasgevind teen WAR, Suurbraak en VRT Pitt. 'n Toerspan van Laerskool Totius het ons ook besoek.

Baie geluk aan Rossouw Kriel, Keenan Plaatjies en Pieter-Daniël Smit wat die o/12-Langebergspan verteenwoordig het. Rossouw Kriel is dan ook gekies vir die o/12- Noord-Bolandspan.

Ons spanne het deurgaans teen sterk spanne gespeel en ons kan trots wees op die positiewe wyse waarop ons spanne op en van die veld af presteer het.

Die o/13-spanne het 'n heerlike afsluitingsfunksie hier by die skool gehad. Die dogters en seuns het bietjie teen mekaar kragte gemeet, asook raakrugby gespeel. Daarna het die ouers en onderwysers ook 'n paar balle gegooi. Die aand is daar lekker saam gebraai en kon almal ook hul passies op die dansbaan oefen. 'n Perfekte afsluiting vir 'n lekker wintersport jaar.

Ons opregte dank aan ons afrigters en buite–afrigters wat almal baie hard gewerk het om van hierdie seisoen 'n sukses te maak. Baie dankie ook aan ons staatmaker ouers wat ons getrou deur die jaar bygestaan het en 'n groot bydrae gelewer het om ook van ons afsluitingsfunksie 'n groot sukses te maak.

Buite skool aangeleenthede
Zaria Janse van Rensburg (10 jaar oud) het die naweek van 12-14 Oktober 2018 aan twee ABO boogskiet-kompetisies deelgeneem, een in Stellenbosch en een in Melkbosstrand. Sy het in altwee kompetisies eerste gekom en goue medaljes verwerf.

Sy het vroeg in Oktober haar persoonlike beste telling verbeter. Sy is deel van die Westelike Provinsie span, wat aan die Nasionale Kampioenskappe gaan deelneem. Sy sal dan individueel

aan die O/14 seuns en dogters klas deelneem en in spanverband skiet sy in een van WP se volwasse ope spanne! Zaria het uitsonderlike talent en die Monties is baie trots op haar.

Die leerders wat aan karate deelneem het, het ook pragtig presteer. Die volgende leerders is in die Bolandspan opgeneem en gaan oor die naweek van 27-28 Oktober, aan die S.A. Goju Kai Kampioenskappe in Stellenbosch deelneem: Christiaan van Eeden, Gerhard Beetge, Jaime Johnson, Stella Meyer, Corli Gous, Chaelli Jansen, Elaine Venter, Sias Meyer, Stefanie Burger, Liani Beetge, Nicholas Brunings, Kyle Hess, Ethan Cole en Carlene Mazenge.

Heelwat ander leerders neem deel aan buite-sport of kultuuraktiwiteite, waar hulle ook daar die Monties se naam hoog hou.

Richard Knipe is lid van die Suid-Afrikaanse Jaggeweer Vereniging. Hy neem deel aan die o/14 klas en presteer uitstekend. Hy het al verskeie goue medaljes gewen tydens interprovinsiale skietkompetisies.

Leerders

Die jaar 2018 het, soos altyd, met volle vaart begin. Ons skool se getalle het pragtig gegroei en staan tans op 386; die skool het sy kapasiteit bereik. Die prefekte van 2018 was deur die jaar getrou en was staatmakers vir die personeel. Dit is harde werk en hulle het vroeg in die jaar reeds besef dat leierskap gepaard gaan met groot verantwoordelikhede. Die hele graad 7-groep het die geleentheid om betrokke te raak by 5 taakgroepe (Sport, Redaksie, Kultuur, Buitelug en Entrepreneurs). Dié taakgroepe sterk dan die onderwysers se hande met sekere takies en hulle kry dus ook geleentheid om hul leierskap te ontwikkel.

Edudome het die skool besoek met hul opblaasbare planetarium en die wonderwêreld van die sterre en planete na die Monties gebring. ‘n Ander hoogtepunt was die jaarlikse lentedag op 27 September en soos gewoonlik het die Monties dié dag met al sy speletjies en pret, baie geniet.

Elke graad het op ‘n klasuitstappie gegaan en leerders in gr. 4 – 7, gaan kamp. Die kampe is opvoedkundig van aard, maar daar is ook beslis tyd vir pret en plesier.

Die prefekte van 2019 is reeds op Vrydag 19 Oktober tydens ‘n saalopening aangekondig. Hierdie leerders word formeel tydens die Intersenfase Erkenningsaand, aan die ouers bekendgestel.

Landsdiens
Die Landsdiensklub van Laerskool Montagu is baie aktief en het gedurende die jaar verskeie kampe bygewoon. Leerders vanaf graad 1-7, gaan kamp! Ons het ook 2 oorslaapkampe op die skoolterrein aangebied. Vanjaar kon ons weer ’n heerlike waatlemoensfees hou. Dit was groot pret en die waatlemoene wat deur juf Marinke Freeman en haar man geskenk is, was suikersoet.

Baie dankie aan al die onderwysers wat hulle naweke opoffer om ons kinders te vergesel tydens die kampe.

Baie geluk aan ons Lansdiensmaats wat die afgelope jaar goed presteer het en beloon is vir hulle toegewyde deelname en bydrae tot die Landsdiensbeweging. Ons is baie trots op hulle.

Twaalf van ons Landsdiensmaats het die Streekkamp wat te Kopbeenskloof in die Koo aangebied is, bygewoon. Tydens die kamp is vier van ons Monties gekies om die Wes-Kaap te verteenwoordig tydens die Nasionale kamp wat gedurende Desember in Oudtshoorn plaasvind. Baie geluk aan Shani Viviers, Elzé Marais, Lyra-Ann van Tonder en Franco Stemmet wat ons skool gaan verteenwoordig. Hierdie is 'n puik prestasie! Leerders word deur die Provinsiale Landsdienskomitee gekies om die kamp by te woon.

Weerbaarheid

Die Monties poog om hierdie jaar die deure van sukses een vir een met welslae oop te sluit. Die jaartema, *Sleutels tot sukses*, word weekliks tydens saalopening toegeken aan die leerders wat die verskillende waardes op besondere wyse uitgeleef, of 'n prestasie behaal het. Baie geluk aan elke leerder wat die afgelope jaar uitgestyg het en 'n sertifikaat vir hierdie besonderse prestasie ontvang het. Ons is trots op ons leerders wat die Montie-etos onderskryf en uitdra.

Fisies

'n Skoolgebou wat blinkskoon is aan die begin van die jaar, laat almal sommer lus kry om te werk. Die sport- en speelterrein word eweneens net so netjies en pragtig versorg.

Die normale instandhouding het plaasgevind en heelwat klein herstelwerke is gedoen. Daar het ook groot herstelwerk plaasgevind en ons is baie dankbaar dat al ons kleedkamers nou oorgedoen is en nuwe wasbakke en toilette geïnstalleer is. Noodsaaklike verfwerk aan die geboue, word voortgesit.

Die styging in ons leerdertal het ons ook genoodsaak om 'n nuwe bus aan te koop. Die dak vir die ingang van die bus in die vierkant is hoër gemaak en 'n afdak is ook opgerig. Die pawiljoene is toegerus met nuwe reëlings om dit nog meer gebruikersvriendelik en veilig te maak. Ons personeelkamer en sommige kantore het 'n nuwe baadjie gekry.

Die skool moet weens gebrek aan parkering en op-/aflaaiplek, noodgedwonge die parkeerarea langs die rivier gebruik. Ons dank aan mnr Richard Knipe, wat reeds verskeie jare die grond gratis aan die skool beskikbaar stel. Ter wille van veiligheid, is daar onlangs 'n draad met 'n hek opgerig, sodat beheerde toegang kan plaasvind. Die SAPD onderneem nou ook gereelde patrollies van die area.

'n Spesiale dankie aan mnr Pietie Filander, me Lizbeth Filander en mnr Abrie Davids wat regtig hard werk om ons geboue en terrein in stand te hou.

Bemarking

Die Opedag vir 2019-inskrywings het op 7 Februarie plaasgevind. Dit was 'n voorreg om voornemende ouers bekend te stel aan wie en wat die Monties is! Die ouers het ook kans gehad om die biblioteek en rekenaarsentrum te besoek. Ons gr. 1-opvoeders het daarna 'n voorbeeld Afrikaans- en Wiskundeles aangebied, sodat ouers kan sien hoeveel 'n graad 1-leerder reeds so vroeg in die jaar kan bemeester. Die belangrike rol wat formele graad R-onderrig speel, word ook hierdeur beklemtoon.

Ons publiseer tans heelwat meer foto's op *Facebook* en *Instagram*. Die rekeninge word deur die skool geadministreer, volgens die riglyne wat aan die ouers deurgegee is. Ons leerders presteer pragtig en ons wys graag die aktiwiteite waarmee hulle besig is.

Ons skool het 'n wonderlike geleentheid gekry om volgende jaar aan die DSTV-programme *Uitblinkers* en *Sing in Harmonie* deel te neem. Anthonie Bougas, 'n aanbieder van die programme, het ons genader en kom luister na 'n oefening deur die Seniorkoor. Tydens *Uitblinkers* gaan groepe vanaf gr. 1-7 deelneem. Die Seniorkoor is ook genooi om deel te neem aan *Sing in Harmonie.* Hou by voorbaat 11 Maart 2019 oop in u dagboek, wanneer *Uitblinkers* by die skool opgeneem word.

Algemeen

By voorbaat geluk aan elke leerder wat tydens die Erkenningsaande 'n toekenning ontvang. Ons is waarlik trots op elkeen van hierdie leerders. Soos jaarliks, bevestig ek dat almal nie toekennings by die erkenningsaand kan, of hoef te ontvang nie. Ons is trots op elke Montie wat deur die jaar sy/haar kant gebring het, hetsy as individu of as deel van 'n groep.

Die volgende bekende aanhaling oor *Sukses* bly waar:
As jy dink jy is verslaan, dan is jy ...
As jy dink jy durf nie, dan kan jy nie ...
As jy graag wil wen, maar dink jy kan nie, is dit 'n uitgemaakte saak, jy sal nie ...
Sukses begin met 'n mens se wil, dit is alles net 'n denkpatroon.

Die wenner van die lewe se geveg gaan nie altyd na die sterker of die vinniger man (of vrou), maar gouer of later is die man wat wen, dié een wat dink hy kan.

Dankie aan die ouers van die skool – u ondersteuning deur die jaar was onontbeerlik. Saam kan ons die skool 'n opvoedkundige instansie van hoë gehalte behou. Ek rig 'n uitdaging aan elke betrokke ouer, om volgende jaar nog 2 gesinne saam te bring om hulle net so betrokke te maak soos wat u is. Ons weet sommige ouers is huiwerig om self na vore te kom en deel te raak van die betrokke ouergroep, maar ek verseker u almal is welkom en sal met ope arms ontvang word. Dankie aan elkeen se bydrae, ongeag met hulpverlening agter die skerms, of finansiële ondersteuning deur borgskappe en donasies. Sonder u kan die skool nie suksesvol wees nie.

My opregte dank aan 'n uitstaande personeelgroep wat hul toespits op die onderrig en opvoeding van ons leerders. Dis 'n voorreg om saam met staatmakers soos u te werk.

Jan Krüger
Skoolhoof